# DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE TEOLOGIESE DENKE VAN ANDREW MURRAY.

*Dr. Callie Coetzee*

## *1. Aktualiteit en noodsaaklikheid van 'n studie oor die denke van Andrew Murray.*

Andrew Murray was een van die grootste en bekendste leiers in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Vir meer as 'n halwe eeu het hy 'n leidende rol in dié kerk gespeel en is hy o.a. ses maal as Moderator van die Algemene Sinode gekies. Hy was ook vir etlike jare redakteur van *De Kerkbode*. Behalwe in Suid-Afrika is hy tot vandag toe in talle lande van die wêreld bekend. In lande soos Amerika, Engeland en Skotland het hy 'n leiersposisie in die bekende Holiness Movement en op die Keswick konferensie beklee. Hier in Suid-Afrika is reeds by twee geleenthede landswye herdenkingsfeeste gehou om sy lewe, werk en invloed in herinnering te roep, nl. van 6—8 Mei 1949 by die herdenking van Murray se bevestiging in sy eerste gemeente honderd jaar tevore, en weer gedurende Mei 1978 ter herdenking van sy geboortedag honderd en vyftig jaar tevore. As deel van hierdie tweede herdenking is o.a. 'n spesiale gedenkseël uitgegee, uitstallings van Murray se werke en ander boeke gehou, asook 'n spesiale uitsaaidiens, 'n reeks radiopraatjies en 'n televisieprogram. In Julie 1979 is bekend gemaak dat die Wamakersvalleise Kultuurraad besluit het om 'n Andrew Murray-prys vir teologiese en algemeen-godsdienstige publikasies in Afrikaans in die lewe te roep. Die prys van ongeveer een duisend rand sal jaarliks uit 'n kapitaalfonds aan die skrywer van die bekroonde werk toegeken word. Die jongste toekenning is gemaak aan prof. dr. J. A. Heyns vir sy boek "Dogmatiek".

Murray self het ongeveer tweehonderd en vyftig boeke geskryf, meer as enige ander Suid-Afrikaanse teoloog alhoewel dit nie sy bedoeling was om teologiese-wetenskaplike geskrifte te skryf nie. Talle van sy werke is in meer tale vertaal as dié van enige ander teoloog in Suid-Afrika. Vandag beleef baie van sy boeke steeds herdrukke. In die vroeë veertigerjare is sy belangrikste werke in Afrikaans vertaal en uitgegee as Versamelde werke bestaande uit tien boekdele. Die geweldige invloed en betekenis van sy denke en geskrifte tot vandag toe word dan ook allerweë erken.

In weerwil van sy bekendheid, invloed en betekenis as kerklik-godsdienstige leier, denker en skrywer is daar tot dusver weinig gedoen om sy denke wetenskaplik-krities uiteen te sit en te beoordeel. Sover bekend het tot op datum net een ander teologiese proefskrif oor sy denke verskyn, nl. dié van B. J. K. Anderssen in 1979 met die titel: 'n Kritiese ontleding van die soteriologiese teologie van Andrew Murray. Die noodsaaklikheid van teologies-wetenskaplike studies oor die denke van Murray word dan ook van verskeie kante beklemtoon.

Dit is des te meer so as die feit in gedagte gehou word dat radikaal-uiteenlopende standpunte oor die denke van Murray gehuldig word. Hy word deur sommige teoloë as gereformeerd en Calvinisties bestempel terwyl ander hom juis as metodisties en pentekostalisties beskou. Juis vanweë die invloed en betekenis van sy denke is dit

noodsaaklik om vanuit die gereformeerde teologie 'n kritiese beoordeling van sy standpunte te gee. So kan sy betekenis vir die positiewe uitbouing al dan nie van die reformatoriese teologie vasgestel word.

*2. Aktualiteit en noodsaaklikheid van teologiese besinning oor die werk van die Heilige Gees.*

Indringende Skrifstudie en Skriftuurlik- en konfessioneel-verankerde teologiese besinning oor die werk van die Heilige Gees is vir kerk en teologie in Suid-Afrika van die grootste belang. Ter motivering kan hier verwys word na die onkunde (König, 1976, keersy van titelpagina) onder talle gelowiges oor die werk van die Heilige Gees. Criswell (1977, voorwoord) verklaar wat die teologiese besinning betref: "It seems that there are as many interpretations of the work of the Holy Spirit as there are theologians". Verder is die diskussie in verband met die Charismatiese gawes goed bekend. Daar moet ook kennis geneem word van die buitengewone groei van die Pinksterbeweging en 'n stroming soos die Neo Pentekostalisme. Dit is juis ten opsigte van die Charismatiese Beweging dat die Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake van die N. G. Kerk in 1979 'n publikasie die lig laat sien het wat riglyne bevat met die oog op duidelikheid en perspektief in die verwarring wat daar ook in die kerk rondom die Charismatiese Beweging bestaan. In hierdie publikasie (p. 2, 3) word dit o.a. soos volg gestel: "Verskynsels soos die Neo-Pentekostalisme het sekere vrae na vore gebring waaroor die lig van die Skrif opnuut gesoek moet word . . .

"Die besondere problematiek rondom die sg. doop in (of met) die Heilige Gees is eers van 'n betreklike resente datum, omdat dit hoogstens dateer van die tyd van John Wesley en later van die opvattinge van die negentiende-eeuse Holiness Movement, soos dit onder andere in die bekende Keswick Convention uitdrukking gevind het.

"Die huidige verskynsel van die Neo-Pentekostalisme maak dit noodsaaklik om die boodskap van die Skrif oor die werk van die Heilige Gees opnuut te ondersoek met die oog op die vraag of die aanspraak van die Neo-Pentekostalisme op gehoorsaamheid aan die Skrif gegrond is of nie."

Andrew Murray het met sowel die Holiness Movement as die Keswick Convention 'n baie nou verbintenis gehad.

Vrae en probleme wat in die huidige tyd opnuut na vore kom rondom die sg. spreek in tale en die doop in of met die Heilige Gees, maak 'n ernstige appèl op die gereformeerde teologie om vanuit Skrif en konfessie duidelike antwoorde te bied. So het die G.E.S. op sy vergadering van 1972 'n kommissie aangewys om 'n studie te maak van hierdie problematiek. Hierdie kommissie se breedvoerige rapport en aanbevelings is op die vergadering van die G.E.S. gedurende 1976 ter tafel geneem. In Suid-Afrika het in die afgelope tyd verskeie publikasies oor die Persoon en die werk van die Heilige Gees verskyn (vgl. o.a. Kruger, 1981; Jonker, 1981, Floor, 1979).

Die werk van die Heilige Gees is een onderwerp waaraan Murray in die meeste van sy geskrifte aandag gee. Veral wat hierdie onderwerp betref, het sy denke tot vandag toe wêreldwye invloed en be-

tekenis. Dit is dan ook opmerklik dat teoloë van oor die wêreld, wanneer na Murray en sy geskrifte verwys word, veral klem lê op sy denke oor die werk van die Heilige Gees (Kraan, 1970 52; Bruner 1970, 338—340). So behandel Bruner (1970, 343) Murray se geskrifte as deel van die literatuur wat volgens hom noodsaaklik is om die agtergrond van die Pentekostalisme te verstaan.

Murray self het hom veral besig gehou met die vraag hoe die volle inwoning van die Gees in die gelowige bereik kan word. Die besining oor die vervulling met of inwoning van die Heilige Gees is vir hom (1976. 8) een van die belangrikste vraagstukke waarmee daar in die teologie geworstel moet word. Met hierdie vraag moet dan ook deurgaans rekening gehou word in die sistematiese uiteensetting van sy denke oor die werk van die Heilige Gees.

*3. Agtergrondstudie*

Ten einde Murray se denke oor die werk van die Heilige Gees beter te verstaan en in perspektief te plaas, is dit nodig om kortliks te let op enkele historiese feite uit sy lewe, asook die strominge van die agtiende en negentiende eeu waarmee hy in aanraking gekom het en sy standpunte oor die Hervorming van die sestiende eeu, die reformatoriese konfessies en die leer van die predestinasie.

Andrew Murray is op 9 Mei 1828 gebore as die seun van ds. en mev. Andrew Murray van Graaff-Reinet. Ds. Murray sr. was een van die Skotse predikante wat as gevolg van die beleid van Lord Charles Somerset in 1821 na Suid-Afrika gekom het. Ds. Murray sr. was een van die geestelike kinders van die sg. "Marrowmen" van Skotland, wie se Calvinisme as "broad, Catholic, liberal" bestempel is (Jooste 1958, 27). Ds. Murray sr. het gereeld vrae soos die volgende aan sy kinders gestel (Du Plessis 1920, 32): "Nu lieveling, heb je het hart aan Jezus reeds gegeven?" of: "Zal jij niet, voordat jij vannacht naar bed gaat je aan Jezus geven?" of "Dit is je verjaardag; ben je wedergeboren?" Hy het ook vir jare om 'n herlewing en die uitstorting van die Heilige Gees gebid. Hy het werke van herlewing in ander lande gelees en was intens verheug oor die herlewing wat in 1860 ook na Suid-Afrika gekom het (Du Plessis 1920, 33).

Op tienderjarige leeftyd is Andrew saam met sy ouer broer John na Skotland gestuur vir studie. Hier het hy in aanraking gekom met die bekende opwekkingsprediker William Burns. Aan die einde van sy lewe het Murray melding gemaak (1917, 184) van die groot invloed wat hy van Burns ondergaan het.

Van Skotland is die twee Murray broers in 1845 na Utrecht in Nederland met die doel om in die teologie te studeer. Hier kom hulle tereg in die kring van die Réveil en sluit dan ook aan by die genootskap bekend as Sechor Dabar, wat in 1843 te Utrecht onder invloed van die Réveil gestig is (Du Plessis 1920, 64). Du Plessis (1920, 66, 67) wys op die treffende ooreenkoms tussen hierdie Sechor Dabar en die kring of geselskap wat deur John en Charles Wesley meer as 'n eeu vroeër in een van die kamers van die Lincoln College te Oxford gestig is. Wat Sechor Dabar se werksaamhede betref kan net die een besonderheid vermeld word, dat daar elke eerste Maandag van die maand gebid is om die uitstorting van die Heilige Gees (Du Plessis, 1920, 72).

Murray (1917a, 185) verklaar self dat hy op die stadium van hulle aankoms in Nederland nog nie bekeer was nie. Dit was in Utrecht dat die groot verandering wat hy sy bekering noem, plaasgevind het. In 'n brief aan sy ouers (Du Plessis, 1920, 70) skryf hy "dat namelijk uw zoon wedergeboren is".

Murray se eerste gemeente in Suid-Afrika was Bloemfontein. Sy bevestiging in sy tweede gemeente, Worcester, in 1860, het saamgeval met die begin van die herlewing of opwekkinge wat vanaf die begin van 1860 in talle gemeentes van die N.G. Kerk plaasgevind het. Een van die kenmerke van hierdie herlewing was die feit dat 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees as 'n besliste moontlikheid gesien is (Du Plessis, 1920, 203). Daar bestaan ook 'n direkte verband tussen die herlewing hier in Suid-Afrika en soortgelyke herlewings in ander lande van die wêreld gedurende dieselfde tyd (Du Plessis, 1920, 203), 'n verband wat ook deur Murray belemtoon word (Du Plessis, 1920, 187). Die leidende rol wat Murray in hierdie herlewing gespeel het, word allerweë erken (Du Plessis, 1920, 210; Hollenweger, 1973, 112; Conradie, 1951, 45, 46, 176). Sy leiding, invloed en betekenis was ook nie net beperk tot Suid-Afrika nie maar hy het erkenning geniet as "One of the leading Holiness teachers of the world" (Douglas, n.d., 161). Hier moet veral gedink word aan die leidende rol wat hy in die Holiness Movement gespeel het. Wat hierdie beweging betref is dit ook verder belangrik om te wys op die direkte verband en ooreenkoms met die latere Pentekostalisme (Bruner, 1970, 44; Brinsmead, 197-?, 26). In Engeland het die Holiness Movement gelei tot die hou van die baie bekende Keswick-konferensies waar Murray een van die leidende figure was.

Wat die godsdienstige en teologiese strominge van die agtiende en negentiende eeu betref, het Murray baie nou aansluiting gevind by veral die Metodisme van John Wesley, die Réveil in Nederland en die mistiek van die Engelse mistikus William Law. Hy was baie goed bekend met die leerstellings van die Metodisme. Hy gee te kenne dat hy veel van Wesley geleer het (Murray, 1915, 12e dag). Hy Murray (1915 d, 68) soek die oplossing vir die geestelike toestand in die kerk in wat hy noem 'n "herlewing in heiligheid" en verwys dan onder andere na die Metodisme as voorbeeld van so 'n herlewing.

Die Metodisme het op sy beurt kragtig deurgewerk in 'n stroming soos die Réveil (Kluit, 1970, 36). Byna al die Wesleyaanse leerstellings word in die Réveil teruggevind (Du Toit, 1903, 154). Net so kom die kerngedagtes van die Metodisme ook weer in die Pentekostalisme na vore.

Andrew Murray en sy broer John het gedurende die hele tyd van hulle verblyf in Nederland die nouste kontak met die Réveil gehad. Wat die mistiek betref, kan dit sonder twyfel gesê word dat Murray 'n mistikus was (Van der Watt, 1978, 12; De Villiers, 1919?). Hy het hom veral baie sterk aangetrokke gevoel tot die denke van die Engelse mistikus William Law, en self verklaar dat niemand hom meer gehelp het om die werk van die Heilige Gees te verstaan as Law nie (Law, 1977, xi; De Villiers, 1919?).

Murray het in sy standpunt oor die uitverkiesing of predestinasie radikaal van die gereformeerde of Calvinistiese siening verskil. Sy standpunt was dat daar in die prediking geleer moet word dat Christus vir alle mense gesterf het (Christus pro omnibus). Hierdie standpunt het hy selfs verdedig met 'n beroep op die Dordtse Leerreëls. Van der Vyver (1958, 286) noem dit 'n "growwe kettery onder die vaandel" van die belydenis. Hierdie standpunt van Murray het 'n duidelike stempel op die kerk en teologie in Suid-Afrika gelaat (Du Plessis, 1911, 639, 640). Murray se denke oor die werk van die Heilige Gees kan alleen verstaan word teen die agtergrond van sy standpunt oor die uitverkiesing. Die Revival-idee waarmee Murray hom ten volle vereenselwig het en in die implementering waarvan hy 'n leidende aandeel geneem het, hang ten nouste saam met die opvatting dat Christus vir alle mense gesterf het (Du Toit, 1903, 106). Van der Linde (1943, 30) wys byvoorbeeld op die allernouste verband wat Calvyn tussen die uitverkiesing en die Heilige Gees sien. Die belydenis en waardering van die werk van die Heilige Gees kan alleen tot sy reg kom waar die uitverkiesing bely en onverswak gehandhaaf word.

By die bestudering van Murray se denke oor die werk van die Heilige Gees, val dit telkens weer op dat hy krities staan teenoor die Hervorming van die sestiende eeu. Dit is sy oortuiging dat die Hervorming nie ver genoeg gegaan het in die uitbouing van die leer oor die Heilige Gees nie. Dit is veral sy standpunt wat die inwoning van die Heilige Gees betref (Murray, 1976, 147, 148, 174, 175). Die Hervorming het nie die herstel van die kragtige werking van die Heilige Gees gebring nie (Murray, 1937, 98). Dit was nie 'n terugkeer na Pinkster nie (Murray, 1915 d, 169). Die prediking in die kerke van die Reformasie was dan ook volgens hom (Murray, 1915 d, 187, 188) meer in oorredende woorde van menslike wysheid as in die betoning van die Gees en in die krag van God. Hy voel homself in hierdie opsig veel meer aangetrokke tot bewegings soos die Metodisme en die Piëtisme as tot die beginsels van die Calvinistiese Hervorming (Murray, 1915 d, 169). Hy vind in hierdie bewegings die bewys van die werking van die Gees wat hy nie in die Hervorming vind nie.

Murray staan nie net krities teenoor die sestiende eeuse Hervorming nie maar handhaaf ook 'n duidelike onverskilligheid ten opsigte van die gereformeerde belydenis. Hoewel hy die belydenis as gereformeerd aanvaar en dit nie openlik verwerp nie, is die lewe vir hom veel belangriker as die leer. In hierdie opsig is die ooreenkoms met die Metodisme, Piëtisme en Réveil onmiskenbaar. Hy het dan ook geen beswaar gehad om in die heiligheidsbewegings van sy tyd en op ander terreine van harte saam te werk met mense wat die gereformeerde belydenis hoegenaamd nie onderskryf nie.

*4. Woord en Gees.*

In Murray se geskrifte is daar talle uitsprake wat handel oor die verhouding tussen die Woord en die Gees, 'n vraagstuk wat 'n kardinale rol gespeel het in die stryd van die sestiende eeu sowel as in die teologiese besinning van die huidige tyd.

In die eerste plek moet daar op sy beklemtoning van die

eenheid tussen Woord en Gees gewys word. Die ewige Woord en die ewige Gees is onafskeidbaar (Murray, 1976, 36, 37). Die Woord kan nie verstaan word sonder die inwoning van die Heilige Gees nie (Murray, 1976, 36). Waar hierdie eenheid gehandhaaf word sal dit die gelowige bewaar van 'n dwaling na regs sowel as 'n dwaling na links. Dit sal die gelowige bewaar teen 'n verwagting om die leer van die Gees te geniet sonder die Woord, of om die onderrig van die Woord te bemeester sonder die Gees (Murray, 1976, 33).

In gehoorsaamheid aan die Skrif is die onlosmaaklike eenheid van Woord en Gees nog altyd deur gereformeerde teoloë geleer (vgl. o.a. Heyns, 1973, 82; Bavinck, 1911, dl. 4, 88). Die eenheid en onafskeidelikheid van Woord en Gees kan beskou word as een van Calvyn se karakteristieke leerstukke (Balke, 1973, 142). Hy het gewaarsku teen elke beskouing waarvolgens die Gees van die Woord losgemaak word (vgl. Berkouwer, 1967, dl. 2, 348). Hier kan veral verwys word na Calvyn se bekende brief aan Sadoletus waarin Calvyn meesterlik aantoon dat Rome en die Doperse rigting in dié opsig 'n gemeenskaplike vyand vorm, deurdat by albei die band tussen Woord en Gees losgemaak word (Calvyn, 1966, 61).

Dit is egter nie net belangrik dat die feit van die eenheid tussen Woord en Gees beklemtoon word nie. Ewe belangrik is die beantwoording van die vraag na die wyse waarop hierdie eenheid funksioneer, die "hoe" van die eenheid.

Murray lê in die eerste plek baie klem op die noodsaaklikheid van die inwoning van die Heilige Gees as voorwaarde vir die kragtige werking van die Woord. Dit is die Heilige Gees wat die wesenlike genadekrag in die genademiddels lê. Dit is ook die Heilige Gees wat die Woord ingegee het en daarin woon, wat, terwyl Hy in die gelowige woon, dit ook innerlik toe-eien. Daardeur werk die Skrif in die gelowige soos die lewende (Murray, s.j. d, 61). Dit is nie net die Gees van God wat in die Woord leef en spreek nie, maar dit is ook die Gees van God wat die hart voorberei om die Woord aan te neem (Murray, 1868, 348). Hierdie inwonende werking van die Heilige Gees is egter volgens Murray (1976, 35) afhanklik van die mens se oorgawe en wag in mistieke sin van die woord. Dit is 'n subjektiewe en mistieke daad wat aan die gebed of die lees van die Woord voorafgaan (Murray, 1976, 91). So maak hy (Murray, s.j. a, 51) 'n onderskeid tussen die luister na die Woord met die verstand en die werking van die Gees in die hart. Die verstand is nodig om die Woord in sy menslike betekenis te hoor en te verstaan. Maar dit moet besef word dat die besit van die waarheid deur die verstand nie van nut kan wees as die Heilige Gees dit nie lewe en waarheid in die hart maak nie. Dieselfde gedagte spreek hy (Murray, 1919?, 203, 204) ook uit waar hy handel oor die onderskeiding tussen die goddelike en die menslike in die Woord. Waar die gelowige nie in die eerste plek daarna streef om die Gees saam met die Woord te ontvang nie, is die prediking, Bybellees en Bybelkennis kragteloos. Omdat die Gees nie daarin werk nie (Murray, 1898 b, dertigste dag). Murray (1868, 115, 116) pleit ook vir die handhawing van die onderskeid tussen die dooie letter en die lewende Woord.

Murray se standpunt oor die wyse waarop die eenheid tussen

Woord en Gees gehandhaaf word, kan soos volg saamgevat word: Dit is God se wil waar sy Woord werk, die Heilige Gees saam met die Woord sal werk. In die omgang met die Woord moet daar egter op verskillende onderskeidinge gelet word wat in die kern op dieselfde neerkom. In die eerste plek is daar die onderskeiding tussen die lees of hoor van die Woord met die verstand, en die werking van die Gees in die hart. Enige mens met 'n goeie verstand kan die betekenis van die Woord verstaan. Die eintlike spreke van God is egter veel dieper, selfs dieper as die gevoel of die gedagte, en kan deur die mens nie deurgrond word nie. Om dit te verstaan en die kragtige werking daarvan te ervaar is die inwonende werking van die Heilige Gees in die hart onontbeerlik. 'n Tweede onderskeiding is dié tussen die Woord as dooie letter en die lewende stem van die lewende God. Die woord is slegs 'n aanwysing van wat God self wil leer. Waar hierdie onderskeiding nie in gedagte gehou word nie, kan prediking, Bybelstudie ens. selfs die omgang met God verhinder, jou van God weghou. Derdens is daar die onderskeiding tussen die uitwendige Woord en die inwendige Woord, die Woord wat van buite kom en die Woord wat deur die Heilige Gees in die hart kragtig gewerk word. Die werking van die Woord en die Gees in die diepste dieptes van die mens of die ontvangs van die "goddelijke zijde" van die Woord, of die omgang met die lewende God Self, kan egter alleen gebeur waar die mens vooraf op mistieke wyse op God wag, homself aan God oorgee, of stil is voor God. Waar dit nie gebeur nie, bly die prediking en Bybelstudie kragteloos, omdat die Heilige Gees nie daarin werk nie, word die gelowige deur die Woord van God afgehou, of word die Skrif 'n dooie letter, die siellose oorskot van die Woord van God. Hierdie subjektiewe, mistieke wag op God en oorgawe aan God is vir Murray dan ook onontbeerlik met die oog op die saligmakende geloof. Waar dit nie gebeur nie, kan mense die Bybel met vreugde lees, getrou na God se Woord luister, glo dat niemand behalwe Christus alleen kan saligmaak nie en die beloftes van God se genade vir hulleself toe-eien. En tog het sulke mense nog nie die saligmakende geloof nie. Al die dinge wat hierbo genoem is, is nie die werk van die Heilige Gees nie maar eie werksaamheid, in eie krag gedoen. Dit is sondermeer duidelik dat Murray hier beslissend deur die mistiek beïnvloed is om op 'n onskriftuurlike pad te gaan. As daar verder geluister word na uitsprake van Murray word dit duidelik dat die eenheid van Woord en Gees deur hom geloën word. So benadruk hy o.a. (Murray, 1916 c, 2,3) die noodsaaklikheid van 'n direkte ingewing deur die Heilige Gees waaronder hy iets anders as die prediking of Bybelstudie verstaan. Verder maak hy die deur oop vir die leiding van die Heilige Gees in hemelse stemme of merkwaardige inmengings (Murray, 1976, 130) en wel op 'n later of 'n hoër stadium van die geloofslewe. Op hierdie punt is die invloed wat daar van William Law op die denke van Murray uitgegaan het, weer eens onmiskenbaar (vgl. o.a. Murray, 1916 c, 30, 31). Daar is verder in hierdie opsig 'n treffende ooreenkoms tussen Murray en John Wesley, hoewel dit wil voorkom asof Murray in sy siening van die verhouding tussen Woord en Gees veel sterker onder invloed van die Mistiek gekom het.

Murray se denke is hier ook direk in stryd met die standpunt van Calvyn. Calvyn handhaaf onverswak die onlosmaaklike eenheid van Woord en Gees, ook wat die prediking betref. Wat Calvyn betref, moet veral gelet word op die leer aangaande die *Testimonium Spiritus Sancti* wat deur hom op meesterlike wyse uitgebou is. Dit is die getuienis van die Heilige Gees in en deur die Woord om die mens tot die geloof te bring, en dan nie net die geloof in die Woord as die Woord van God nie, maar in die eerste plek die saligmakende geloof, die persoonlike toe-eiening van Jesus Christus. Hierdie werking van die Gees is noodsaaklik, nie vanweë 'n ongenoegsaamheid of onvolkomenheid van die Woord nie, maar vanweë die mens se natuurlike blindheid as gevolg van die sonde (Krusche, 1957, 259, 260). Op hierdie punt gaan die paaie van Calvyn en Murray dus skerp uitmekaar. By Murray is die Woord kragteloos as die mens hom nie aan God oorgee en op God wag nie. By Calvyn is die mens magteloos en het hy daarom behoefte aan die werking van die Gees in en deur die Woord.

Calvyn beklemtoon verder dat die werksaamheid van die Gees gelyktydig met die Woord, of die prediking van die Woord, geskied (*non ante, nec post sed simul)*, en dat hierdiie *simul* gesien moet word as 'n "Goddelike gelyktydigheid" (Krusche, 1957, 230). Hierteenoor val die klem by Murray op die subjektiewe en mistieke wag op God voordat die Woord gelees of daarna geluister word.

Dit is dan ook Murray se standpunt dat die mens subjektief moet bepaal of die lewende God werklik en inwendig tot hom spreek. Calvyn beklemtoon hierteenoor wat genoem kan word die objektiewe teenwoordigheid van die Gees (vgl. o.a. Walters, 1949, 71). Die antwoord op die vraag na die verhouding van Woord en Gees en die werking van die Woord en die Gees in die mens moet nie gesoek word in die subjektief-individualistiese benadering nie maar in die beklemtoning van die objektief-persoonlike aard en karakter van die Woord. Met hierdie beklemtoning staan of val ook die belydenis aangaande die inspirasie, gesag en duidelikheid van die Skrif.

### *5. Die Heilige Gees en Christus.*

#### *5.1 Murray se Christologie.*

In Murray se geskrifte word die onlosmaaklike band tussen Christus en die Gees deurgaans beklemtoon en gehandhaaf. Verder wys Anderssen (1979, 10) daarop dat die "hart" van Murray se teologie in die soteriologie gevind word. Juis wat die werk van die Heilige Gees betref, het Murray veral feitlik uitsluitlik die soteriologiese aspek daarvan beklemtoon. Om met die Gees vervul te wees is dan vir Murray (1887 c, 93) niks anders nie as om vol te wees van Jesus.

Dit is daarom ook noodsaaklik om kennis te neem van Murray se Christologie. Die hooftrekke kan soos volg saamgevat word: Murray beskou die vleeswording van Christus as die vereniging van die goddelike natuur met die menslike natuur (vgl. o.a. Murray, 1887 b, 109 110). Dit is 'n voorstelling wat in stryd is met die Skrif. Die konsekwensie van Murray se standpunt is dan ook dat die vermenging van die twee nature nie vermy kan word nie. Die uiteindelike doel van die vleeswording van Christus is volgens Murray die mededeling van hierdie natuur van Christus aan die gelowige. Die mens moet

uiteindelik deel kry aan die vergoddelikte menslike natuur van Christus. In hierdie siening is Murray beïnvloed deur die denke van Beck, Dorner en William Law. As kind van sy tyd het Murray verder besondere nadruk laat val op die Persoon van Christus. Dit is in die Persoon van Jesus as die openbaring van die onsienlike God, en in die hereniging van die mensheid met God deur Hom, dat die eienaardige, die wese van die Christelike godsdiens vir Murray gevind word. Daarom hang alle geloof, leer en lewe af van die verhouding tot die Persoon van Christus (Murray, 1868,346). Net so beklemtoon Murray ook die menslike natuur van Christus. Die persoon van Christus is juis vir hom so belangrik omdat hy in sy menslike natuur die beginsel van verlossing gesien het (Anderssen, 1979, 73). Murray leer dat daar by Christus wat sy menslike natuur betref, groei en ontwikkeling moes wees tot volmaaktheid. Hierdie ontwikkeling het gedurende Christus se lewe op aarde plaasgevind en het met sy kruisiging tot 'n einde gekom. Dit is een van die grondliggende gedagtes in Murray se soteriologie. Christus moes tydens sy lewe op aarde 'n verheerlikte of geheiligde menslike natuur uitwerk en vervolmaak langs die weg van gehoorsaamheid aan die wil van God (vgl. o.a. Murray, 1895, 103). Verder wys Anderssen (1979, 77)) daarop dat daar by Murray sprake is van 'n tweërlei volmaking nl. 'n toenemende volmaking of heiliging van sy menslike natuur en daarnaas 'n volmaking wat 'n amptelike volmaking genoem kan word. Dit is dan ook nie altyd moontlik om te onderskei met watter volmaking Murray besig is nie. Anderssen (1979, 78) het egter tot die oortuiging gekom dat "Murray met die volmaking en heiliging van Christus die volmaking en heiliging van sy menslike natuur bedoel, en nie soos die Skrif dit bedoel . . . sy amptelike volmaking nie.

Murray onderskei dus by Christus 'n tweërlei lewe of 'n tweërlei omgang met God. In die nouste verband hiermee moet ook die onderskeiding gesien word wat hy tref tussen die aardse en die hemelse werk van Christus. Die aardse werk trek vir hom saam in die versoening aan die kruis. Dit is egter nog iets voorlopigs. Die eintlike is die hemelse werk wat daarop neerkom dat Christus in sy Persoon vermoëns en eienskappe verkry het "wat 'n uitstraling van krag na die gelowiges moontlik maak sodat ook hulle deel kan ontvang aan sy heerlikheid en die krag van sy onvernietigbare lewe" (Anderssen, 1979,95). Dit is die eintlike saak waarom dit vir Murray gaan, naamlik die deelgenootskap van die gelowige aan die geheiligde of verheerlikte menslike natuur van Christus. Daarom is Christus se kruisdood iets voorlopigs, nog net die begin. Onder invloed van die mistiek sien Murray die eenheid van die gelowige met Christus as 'n fisiese eenheid en laat hy te min klem val op die verhouding met Christus as 'n persoonlike verhouding deur die geloof (Anderssen, 1979 103).

*5.2 Die Heilige Gees en Christus.*

Teen hierdie agtergrond kan daar nou aandag gegee word aan Murray se standpunt oor die verhouding tussen die Heilige Gees en Christus.

In die eerste plek handhaaf hy die onlosmaaklike eenheid wat daar tussen die Heilige Gees en Christus bestaan. En dan gaan dit

vir Murray nie soseer om die eenheid tussen die Tweede en Derde Persoon in die Goddelike Drieëenheid nie. Dit was vir hom nooit 'n probleem nie. Maar dit gaan veral om die eenheid tussen die Heilige Gees en Christus in die werk van die verlossing. Murray (vgl. o.a. 1976, 13, 16) kan dit nie genoeg beklemtoon nie dat aan die Heilige Gees as die Gees van Christus gedink moet word. Hy maak in hierdie opsig 'n skerp onderskeid tussen die Ou en Nuwe Testament.

Die besondere werk van die Gees is vir Murray (1945, dl. 10, 218) om die gelowige Christus deelagtig te maak. Dit is die eerste ding wat die Heilige Gees doen, naamlik om Christus in die gelowige te openbaar deur sy inwonende en blywende teenwoordigheid. Terselfdertyd is dit ook die werk van die Gees om Christus te verheerlik. Dieselfde onverbreekbare eenheid wat daar tussen die Heilige Gees en Christus bestaan, bestaan ook tussen die kruis van Christus en die Heilige Gees en die bloed van Christus en die Heilige Gees.

In die beklemtoning van die feit van die eenheid tussen Christus en die Heilige Gees is Murray formeel nie in stryd met die Skrif en die gereformeerde tradisie nie (vgl. o.a. Calvyn, 1854, 262; Walters, 1949, 340; Van der Linde, 1943, 94, 95; Versteeg, 1978, 24, 25).

Wanneer Murray se denke verder bestudeer word, blyk egter dat hy die eintlike eenheid tussen Christus en die Gees sien in die eenheid van die Gees met die geheiligde menslike natuur van Christus waarna reeds verwys is. Christus moes tydens sy lewe op aarde 'n heilige menslike natuur uitwerk waarin die Gees van God weer vir die eerste maal na die sondeval kon woon (Murray, 1976, 38, 39).

Nadat Christus die volmaking waarna hierbo verwys is, afgehandel het, het Hy dus die volheid van die Gees ontvang. En vanuit hierdie geheiligde menslike natuur kon Hy die Heilige Gees op Pinksterdag uitstort. Dit is egter nie net vanuit die geheiligde menslike natuur van Christus dat Hy die Heilige Gees kon uitstort nie. Dit is juis die besondere werk van die Gees om die gelowige Christus deelagtig te maak (Murray, 1945 (dl. 1, 218). En vir Murray beteken dit niks anders nie as die Gees hierdie geheiligde menslike natuur van Christus aan die gelowige meedeel, hom daaraan deel laat kry. Die vraag kan gevra word of Murray se standpunt nie ten diepste neerkom op 'n vergoddeliking van die mens nie.

In aansluiting by die gedagte dat Christus die volheid van die Heilige Gees eers na sy volmaking ontvang het, leer Murray verder dat Christus tydens sy lewe op aarde nie werklik in die krag van die Gees kon optree nie, en dus nie die effek kon bereik wat Hy graag wou bereik, bv. in die lewe van sy dissipels nie (vgl. o.a. Murray, 1974 b, 146, 153, 154, 179). Ook hierdie standpunt is geheel en al in stryd met die Skrif. Heyns (1978, 292) wys in hierdie verband daarop dat Jesus sy bevoegdheid oor die Gees nie eers deur sy gehoorsaamheid verwerf het nie. Christus het hier op aarde as Middelaar juis deur die krag van die Heilige Gees gespreek en gehandel.

Murray gee ook aandag aan die doop van Christus met die Heilige Gees wat beskryf word in Matth. 3 : 13—17; Markus 1 : 9—11; Lukas 3 : 21,22; Johannes 1 : 32, 33. Murray (1976, 20, 21) beskou

Christus se doop as 'n beloning wat Hy ontvang het vir sy gehoorsaamheid tot op daardie stadium. Dit kan egter bestempel word as 'n tussentydse beloning. Na sy doop moes Christus die proses van volmaking steeds langs die weg van gehoorsaamheid aan die wil van God voortsit en voltooi. Dan eers sou Hy opnuut, as beloning vir sy gehoorsaamheid, die Heilige Gees ontvang. Dit is dan ook eers na hierdie tweede beloning dat Hy Self met die Heilige Gees sou kon doop.

Hierdie standpunt van Murray is weer eens in stryd met die duidelike verkondiging van die Skrif dat Christus in alles wat Hy gedoen en gespreek het, volledig aangewys was op die krag van die Heilige Gees. Na sy doop word Hy in alles volkome deur die Gees gelei (Floor, 1979, 14). Dit is hierdie belangrike Skrifwaarheid wat in die denke van Murray so weinig erkenning ontvang.

### 6. *Pinkster*

#### 6.1 *Plek.*

Die gebeure op Pinksterdag met die uitstorting van die Heilige Gees beklee 'n sentrale plek in die teologiese denke van Murray. Waar die kruisiging en opstanding van Christus volgens die gereformeerde teologie, die sentrum van die besondere openbaring vorm. daar staan Pinkster vir Murray in die sentrum. So stel hy (Murray, 1976, 100) dit as sy oortuiging dat die vleeswording, kruisiging, opstanding en hemelvaart van Christus almal voorlopige trappe was. Die einddoel daarvan was die uitstorting van die Heilige Gees.

Dit is verder opmerklik dat daar in Murray se denke bepaalde probleme ter sprake kom wat in die huidige tyd steeds deel van die besinning rondom die werk van die Heilige Gees uitmaak. Hier kan gedink word aan die plek van die Gees in die Ou Testament, die plek en betekenis van Pinkster, die vraag of die uitstorting van die Heilige Gees herhaal kan word, ens.

Die plek en betekenis wat Murray aan die Pinkstergebeure toeken, moet gesien word teen die agtergrond van sy denke oor Christus. Omdat Christus na sy menslike natuur eers 'n ontwikkelingsgang moes voltooi en sodoende die gawe van die Heilige Gees moes verwerf, is die gebeure op Pinksterdag iets geheel en al anders as enigiets voor voor daardie tyd, 'n nuwe en meer verhewe bedeling (Murray, 1976, 73).

Die groot verskil wat volgens Murray (vgl. o.a. 1919?, 206) met Pinkster plaasgevind het, is dat daar voor die verheerliking van Christus, of voor Pinkster nie sprake was van die inwoning van die Heilige Gees in die gelowige nie. Die vraag is dan hoe die verhouding tussen die Heilige Gees en die gelowiges gedurende al die eeue voor Pinkster gesien moet word. Gereformeerde teoloë (vgl. o.a. Calvyn, 1959, 199; Floor, 1979, 21; Ladd, 1975, 295; Jonker et al., 1977, 53) is eenstemmig in hulle standpunt dat die Heilige Gees ook in die Ou Testament in die harte van die gelowiges gewoon en gewerk het om hulle te wederbaar en tot geloof en bekering te bring, hulle te lei op die pad van die heiligmaking.

Teen die agtergrond van hierdie standpunt van Murray, moet ook die skerp onderskeid gesien word wat hy tref tussen die ou en die nuwe verbond en tussen die Ou en die Nuwe Testament. Die

nuwe verbond het volgens hom met Pinkster in werking getree. Dit sou die persoonlike gemeenskap tussen God en die gelowige verseker, wat die ou verbond nie kon doen nie. Die nuwe verbond is 'n bediening van die Gees (Murray, 1899, 62). Hierin trek die verskil tussen die ou en die nuwe verbond saam. Die twee verbonde spreek vir Murray (1899, 16, 17) van twee stadiums in 'n mens se godsdienstige lewe. Alhoewel hy ten opsigte van die ou en die nuwe verbond die uitdrukking gebruik dat dit "two stages" is, blyk dit tog uit sy uitsprake dat hy 'n veel skerper skeiding tussen die ou en nuwe verbond handhaaf as wat in die Skrif verkondig word. In die Ou sowel as die Nuwe Testament gaan dit immers om die een genadeverbond, wat God met sy Volk opgerig het na die sondeval (vgl. o.a. Van der Vegt, s,j., 47—49; Lion-Cachet, 1977, 309; De Bondt, 1949, 33). Murray (o.a. 1976, 38; 1965, 18, 19; 1895, 2, 3) handhaaf ook t.o.v. die werking van die Heilige Gees 'n baie skerp onderskeid tussen die Ou en Nuwe Testament. Die Gees soos Hy op Pinksterdag uitgestort is, was volgens hom (Murray, 1976, 38) waarlik iets nuuts. Voor Pinkster was daar openbaringe in verskillende grade van dieselfde Gees (Murray, 1976, 101) Op Pinksterdag is daar egter 'n totale nuwe openbaring van die Gees (Murray, 1976, 101). Voordat Christus se bloed nie gestort is nie, kon die Heilige Gees nie uitgestort word nie. Daarom kon die heerskappy van die Heilige Gees ook nie geld in die Ou Testament nie (Murray, 1894, 108, 109). Murray (vgl. o.a. 1919?, 77) kom telkens weer terug na die een saak van die inwoning van die Heilige Gees in die harte van die gelowiges. Dit is vir hom die groot verskil wat met Pinkster ingetree, of ten minste moontlik geword het. Die gedagte van twee stadiums in 'n gelowige se lewe, as een van die grondliggende gedagtes by Murray, kom hier weer duidelik na vore.

Op die onhoudbaarheid van hierdie standpunt in verband met die werk van die Gees in die bedeling van die Ou Testament, is reeds gewys. Ook wat hierdie saak betref, moet sowel die eenheid as die onderskeid tussen Ou en Nuwe Testament gehandhaaf word.

*6.2 Die volle Pinksterseën.*

In die nouste aansluiting by wat reeds oor die plek en betekenis van Pinkster gesê is, moet daar gewys word op Murray se gedagtes oor die volle Pinksterseën. Dit is een saak wat hy nooit genoeg kon beklemtoon nie en dit is o.a. op grond van sy beskouing hieroor dat hy deur Hollenweger (1969, 117-121) as een van die voorlopers van die Pentekostalisme gesien word. Murray (1895, 8, 9) noem die volle Pinksterseën 'n nuwe mededeling of 'n nuwe en meerdere instroming van die Gees wat van bo moet kom. Daarom moet die gelowige met God die mees-persoonlike omgang hê, in onmiddellike en allernouste aanraking met God verkeer. Die seën sien dan ook vir Murray (1895, 14, 15) op die altyd-blywende teenwoordigheid en inwoning van Christus. Voor Pinkster was Hy nog slegs 'n uitwendige Christus. Daarom het sy dissipels ook gebly wat hulle was. Met Pinkster het egter alles verander toe Christus in die Gees neergedaal het as die inwendige, inwonende Christus. Deur hierdie inwoning het Hy hulle eintlike lewe geword. Dit is in elk geval iets wat Murray self op 'n stadium in sy lewe nog nie ondervind het nie, en dit is te

betwyfel of hy dit ooit werklik ondervind het in die spesifieke betekenis wat hy daaraan gegee het (vgl. Du Plessis, 1920, 215).

Die volle Pinksterseën is volgens Murray (1895, 65) wel die erfenis van al God se kinders. Dit wil egter nie sê dat alle gelowiges dit ontvang nie. Daar is bepaalde voorwaardes waaraan die kerk en die gelowiges moet voldoen. Een van die belangrikste voorwaardes is die volharding in die gebed en daarmee saam die oorgawe en die wag op God (vgl. Murray, s.j. g, 24; 1901, 141—145; 1976, 89—91).

*6.3 Herhaling van Pinkster.*

Murray het die kerk van sy dae onvermoeid opgewek om terug te keer na Pinkster. Die rede waarom die kerk na agtien eeue nog steeds so flou is in die vervulling van sy roeping, moet volgens hom daarin gesien word dat die betekenis van Pinkster nie werklik besef word nie. Die Hervorming van die sestiende eeu was dan ook vir hom (Murray, s.j. g, 38) nog baie ver van wat so 'n terugkeer na Pinkster moet wees. Ander bewegings soos die Piëtisme, die Morawiërs, die Puriteine en die Metodisme, het wel die bewys gelewer van die krag van die Gees, maar dit het nog nie deurgedring tot die kerk as geheel nie (Murray, s.j. g, 38,39). Die vraag is of Murray se standpunt daarop neerkom dat 'n herhaling van die Pinkstergebeure moet en kan plaasvind, m.a.w. of Murray die eenmaligheid van die uitstorting van die Heilige Gees ontken.

Murray (vgl. o.a. s.j. d, 108; 1911, ii) het inderdaad telkens die uitdrukking dat die Gees weer of gedurig moet of kan uitgestort word, gebruik en ook verdedig. So is hierdie uitdrukking in dié tyd vryelik deur kerkleiers van die N.G. Kerk gebruik (vgl. o.a. Du Plessis, 1912, 15). In hierdie verband moet verwys word na die opwekkinge wat in die tweede helfte van die vorige eeu in Suid-Afrika plaasgevind het en waarin Murray 'n leidende rol gespeel het. Hierdie opwekkinge is wel allerweë as 'n tweede Pinkster, 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees beskou (Buys, 1975, 44). Daar kan ook 'n baie duidelike verband aangetoon word tussen hierdie opwekkinge en soortgelyke herlewings onder andere in Amerika en Engeland.

In die nouste samehang met die opwekkinge, het die praktyk van die jaarlikse Pinksterbidure in die N.G. Kerk ontstaan. Nadat hierdie bidure vir vyftig jaar plaasgevind het, word die vraag gevra (Murray, e.a. 1912, 70) of die Kerk nie bereid en ryp is "voor een ontvangen van een tot nog toe door ons onbekende krachtige uitstorting des Heiligen Geestes" nie?

Murray se gebruik van die uitdrukkings dat die Gees uitgestort moet word of Pinkster herhaal moet word, kan dus nie losgemaak word van die gebruik van dieselfde uitdrukkings in bewegings soos die Metodisme en die Revivalisme nie. In hierdie bewegings word die moontlikheid van die herhaling van Pinkster wel aanvaar, soos ook in die latere Pentekostalisme. Verder beroep Murray hom op die standpunt van 'n sekere Bowen, deur wie die eenmaligheid van Pinkster as heilsgebeurtenis beslis ontken is (vgl. Murray, 1976, 241).

Hier moet verder ook Murray se standpunt i.v.m. die twee stadiums in die gelowige se lewe in gedagte gehou word. In die eerste

stadium is die Gees aanwesig soos in die Ou Testament. En in die latere of meer-gevorderde stadium word die Gees geken as die persoonlike en inwonende Gees van die Seun van God. So was dit met die dissipels van Christus. En so behoort dit ook met elke gelowige te wees. Deur die uitstorting van die Heilige Gees kan die gelowige deel kry aan die volle Pinksterseën, of die volle inwoning van die Gees in die betekenis wat dit vir Murray het. Dit is 'n spesiale ondervinding of gebeurtenis, los van die wedergeboorte, geloof en bekering.

Dit is dus duidelik dat Murray nie alleen die moontlikheid aanvaar nie maar ook die noodsaaklikheid beklemtoon van 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees of 'n herhaling van die Pinkstergebeure, 'n standpunt wat neerkom op 'n "loëning van die Pinksterwonder" (Du Toit, 1977, bd. 6, 338).

7. *Die Gees en die gelowige.*

7.1 *Tweërlei werking.*

Een van die onderwerpe waarmee Murray hom byna voortdurend en in feitlik elke werk besig gehou het, is die werk van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige, wat dit is en hoe dit gebeur. Die kern van alles wat gesê word kom hierop neer dat daar 'n tweërlei wyse is waarop die Heilige Gees in die gelowige werk (Murray, 1895, 3). Die eerste is die voorbereidende werking, wanneer die Gees wel in die gelowige werk, hom tot bekering en geloof bring, maar nog nie in hom woon nie (Murray, 1895, 3 4). Die tweede is dan die hoëre en meer gevorderde werking waar die Gees ontvang word as 'n blywende gawe en as 'n inwonende Persoon (Murray, 1895, 3, 4).

Wat hierdie tweevoudige werking van die Gees betref, is die tweede of hoëre of meer-gevorderde vir Murray die belangrike, die eintlike saak waarom dit telkens weer vir hom gaan. Dit is iets meer as die werk van die Gees in die bekering en geloof en blydskap in Christus (Murray, 1895, 5; 1976, 22).

7.2 *Voorbereidende werk van die Heilige Gees.*

Onder die voorbereidende werk van die Gees verstaan Murray in die eerste plek die wedergeboorte. Dit is minder as die doop met of die inwoning van die Gees (Murray 1976, 22). Dit kan vergelyk word met die werking van die Gees in die Ou Testament of in die lewe van die dissipels van Christus vóór Pinkster. Hierdie wedergeboorte moet deur die mens gesoek word (Murray, 1945, dl, 10, 44, 45). Net so is ook die geloof volgens Murray (1976, 13) deel van die voorbereidende werk van die Gees. Die geloof is verder vir hom (vgl. o.a. Murray, 1937, 103; 1887 b, 158, 159) nie in die eerste plek 'n gawe van God nie maar 'n daad van die mens. Hierdie standpunt van Murray is direk in stryd met die Calvinistiese siening van die geloof. Van der Linde (1943, 143) gebruik die uitdrukking dat die geloof vir Calvyn "een *admirabile opus Spiritus Sancti*" is.

Ook die bekering word deur Murray 1895, 3—5) as deel van die voorbereidende werk van die Gees gesien. Verder beklemtoon hy ook die noodsaaklikheid van die onmiddellike of plotselinge bekering (Murray, 1875, 131; 1896 a, 16).

Ten slotte hoort ook die regverdiging volgens Murray (s.j. d,

92) tuis by die voorbereidende werk van die Gees. Dit is dan ook moontlik om deel te hê aan die geregtigheid sonder om deel te hê aan die Goddelike lewe deur die inwoning van Christus (Murray, 1922, 25). Die regverdigmaking is vir Murray die poort tot die nuwe lewe maar nog nie die volle lewe nie (Murray, 1922, 26). Die gelowiges in die Ou Testament het slegs deel gehad aan die regverdigmaking (Murray, 1974 a, 55).

7.3 *Die inwoning van die Gees.*

In sy denke oor die hoër of meer-gevorderde werk van die Heilige Gees gebruik Murray verskillende uitdrukkings wat tot 'n groot mate as sinonieme gesien kan word. Die eerste van hierdie uitdrukkings is die inwoning van die Gees, wat dieselfde is as die inwoning van Christus deur die Gees. Hierdie saak is vir Murray van die allergrootste belang. Dit is iets anders as die gebed om die werking van die Gees, iets anders as suiwerheid in die leer en die prediking, iets anders as absolute afhanklikheid van die Gees (Murray, 1976, 47). In die bedeling van die Woord of van die Seun was die inwoning van die Gees onbekend (Murray, 1976, 44). Die inwoning van die Gees is dus iets anders, iets meer as die werking van die Gees tot bekering en geloof (Murray, 1895, 5, 6). Hierdie inwoning vind verder plaas dieper as die verstand, die gevoel of die wil, selfs dieper as die siel, in die dieptes van die Gees wat uit God kom (Murray, 1976, 45). Hier gebruik Murray woorde wat eie is aan die mistiek om die inwoning van die Gees te beskryf. Om egter presies vas te stel wat Murray onder die inwoning verstaan, moet gevra word na sy siening oor die verborge vereniging tussen die gelowige en Christus. Die inwoning van die Gees is immers vir hom dieselfde as die inwoning van Christus deur die Gees.

Die aandag is reeds gevestig op Murray se uitsprake i.v.m. die vereniging van die goddelike en menslike nature van Christus en hoedat, met die uitstorting van die Heilige Gees, die gelowige ook deel kan kry aan die geheiligde menslike natuur. Dit geskied deur die inwoning van die Gees (vgl. Murray, 1976, 44). Daar is verder ook uitsprake waarin Murray die indruk wek dat in die vereniging van die gelowige met Christus deur die inwoning van die Gees, die menslike persoonlikheid vervang word met die Gees van Christus se persoonlike lewe. Hy (Murray, 1976, 104) sê immers: "The Spirit is the Spirit of Christ, the Spirit of His personal life, taking possession of our personality, and witnessing with our spirit to what Christ has won for us". Anderssen (1979, 138) bestempel Murray se uitsprake in hierdie verband as behorende "tot die mees bedenklike in sy werk".

Wat die inwoning van die Gees betref, het Murray dus veral in twee opsigte die pad van die Skrif en die gereformeerde belydenis verlaat. In die eerste plek leer hy dat die wedergeboorte, geloof en bekering kan plaasvind sonder dat die Heilige Gees in die gelowige woon. En in die tweede plek sien hy die inwoning ten diepste as 'n eenwording van die goddelike en menslike nature.

7.4 *Die vervulling met die Gees.*

'n Volgende uitdrukking wat Murray gebruik, is die vervulling met die Gees. Hy (Murray, 1937, 8) verstaan daaronder: " . . having

my whole nature yielded to His power. When the whole soul is yielded to the Holy Spirit, God Himself will fill it." Hierdie vervulling kan volgens Murray (1976, 206) plotseling geskied, soos 'n dam wat skielik vol word na 'n vinnige stortbui en gepaard gaande met groot entoesiasme en tekens soos op Pinksterdag, of dit kan geleidelik en feitlik ongemerk gebeur soos 'n dam wat voortdurend vanuit 'n fontein gevoed word.

7.5 *Die doop met die Heilige Gees.*

Murray handel ook breedvoerig oor die sg. doop met die Heilige Gees (vgl. o.a. Murray, 1976, 19-24, 213-222). Dit is ook belangrik om daarop te let dat die meeste van die vrae wat in die huidige diskussie oor hierdie saak aan die orde gestel word, ook reeds in Murray se tyd bestaan het en dat hy (Murray, 1976, 21, 22) daarvan bewus was.

Wat Murray se standpunt betref, staan dit vir hom (Murray, 1976, 21) vas dat die doop met die Heilige Gees iets anders is as, en volg ná die wedergeboorte en die bekering. Hy (Murray, 1976, 15, 16; 1895 5, 6) beroep hom vir hierdie standpunt o.a. op Hand. 8 en 19.

Samevattend kan gesê word dat die doop met die Heilige Gees vir Murray in alle gevalle na die wedergeboorte, geloof en bekering volg. Dit kan geskied as 'n plotselinge en kragtige ervaring. Selfs in die gevalle waar so 'n spesifieke ervaring nie geboekstaaf kan word nie, bly dit steeds iets meer, iets hoër as die wedergeboorte of die bekering. Daar is ook bepaalde voorwaardes waaraan 'n gelowige moet voldoen indien hy die doop met die Heilige Gees wil ontvang.

Dieselfde opvatting i.v.m. die doop met die Gees word aangetref o.a. by Molenaar (1963, 37), Kraan (1970, 7—11) en Torrey (1972, 16, 17).

Verder is daar 'n treffende ooreenkoms tussen Murray en die Pentekostalisme en neo-Pentekostalisme. By die Pentekostalisme gaan dit spesifiek oor die doop met die Heilige Gees, as 'n "second experience to conversion" (Bond, 1974, 15). Netso was die Holiness Movement waarvan Murray vir twintig jaar die president in Suid-Afrika was (Hollenweger, 1973, 113) se teologiese sentrum die sg. "second experience" (Bruner, 1970, 42). Ook die ooreenkoms met die Metodisme van John Wesley is hier onmiskenbaar. Murray gebruik ook die uitdrukking "second blessing" waaronder hy dieselfde as die doop met die Gees verstaan en wat op presies dieselfde neerkom as Wesley se "second change". Net so is daar volkome ooreenstemming tussen Murray se leer oor die bereikbaarheid van volmaaktheid in hierdie lewe en Wesley se "Christian perfection".

Hier moet verder ook gewys word op Murray se onderskeiding tussen tweërlei christelike lewe of twee soorte christene, as konsekwensie van sy onderskeiding tussen tweërlei werking van die Heilige Gees in die gelowige. Hierdie standpunt moet noodwendig uitloop op die dwaling wat ook by die Pinkstergroepe voorkom (vgl. o.a. Jonker et al., 1977, 154, 155) van 'n onderskeiding tussen twee soorte Christene: eerstens die groep wat wedergebore en bekeerd is maar in wie se lewe nog iets ontbreek, en tweedens die gelowiges wat behalwe die wedergeboorte, bekering en geloof, ook die vervulling met of die doop met die Gees ontvang het.

Wat die opvatting oor die doop met die Heilige Gees betref, loop daar dus 'n direkte lyn vanaf die agtiende-eeuse Metodisme, via die negentiende-eeuse heiligheidsbeweging en Amerikaanse "revivalism" tot by die Pentekostalisme en neo-Pentekostalisme of Charismatiese beweging van die twintigste eeu. Dit is binne hierdie totale historiese omlysting dat Murray geplaas moet word (vgl. Bruner, 1970, 45; Hollenweger, 1973, 113, 114).

Wat 'n vergelyking tussen Murray en die Pentekostalisme betref, is daar in die denke oor die doop met die Heilige Gees oor ten minste drie kernpunte volkome ooreenstemming. In die eerste plek huldig sowel Murray as die Pentekostalisme die oortuiging dat die doop met die Heilige Gees 'n werking van die Gees is wat na die wedergeboorte en bekering plaasvind. Dit is vir Murray 'n basiese uitgangspunt en dit vorm die teologiese sentrum van die heiligheidsbeweging en die Pentekostalisme. In die tweede plek beklemtoon sowel Murray as die Pentekostalisme die gehoorsaamheid as voorwaarde voldoen moet word alvorens die doop met die Heilige Gees ontvang kan word. In die derde plek voer Murray dieselfde Skrifgronde aan as die Pentekostalisme en neo-Pentekostalisme om hulle standpunt te motiveer.

Die opvatting oor die doop met die Gees soos deur Murray gehuldig, is in stryd met die Skrif (vgl. o.a. Kommissie Leer en Aktuele Sake (1979, 4; Haverkamp, 1973, 4; R.E.S. 1976, Acts Supplement no. 6, 166) en sy eksegese van die betrokke gedeeltes in Handelinge kan nie die toets van suiwer Skrifuitleg slaag nie.

Die oortuiging dat Murray beskou moet word as een van die voorlopers van die Pentekostalisme en dat hy verantwoordelik is vir metodistiese invloede van geweldige omvang in die kerk in Suid-Afrika, moet inderdaad as korrek aanvaar word. Die stelling (Meiring, 1977, 79) dat Murray meer vir die Pinksterbeweging in Suid-Afrika gedoen het as enigiemand anders kan ook moeilik betwis word.

8. *Die werk van die gelowige.*

Die finale antwoord op die vraag van Murray, hoe die volle inwoning van die Gees of die doop met die Gees bereik kan word, is geleë in die aandeel van die mens.

Dit is nodig om hier baie kortliks aandag te gee aan Murray se antropologie. Volgens hom (Murray, s.j. e, 1) is die mens geskep "tot Godegelijkheid". Dit is die term wat Murray gebruik om die bestemming van die mens aan te dui. God het die mens geskep om soos God Self te word. Hier speel die vleeswording van Christus 'n belangrike rol. Christus moes mens word om dit vir die mens moontlik te maak om sy uiteindelike bestemming van "Godegelijkheid" te bereik (Murray, 1974 b, 218; Anderssen, 1979, 22-24).

In samehang met sy beklemtoning van die belangrikheid van Christus se vleeswording, moet ook Murray se beklemtoning van die mens se kiesvryheid of vrye wil gesien word. In hierdie vryheid is die Godegelykheid van die mens geleë (Anderssen, 1979, 26). God het die mens as 'n vrye wese geskep met die wonderlike vermoë van selfbestemming, dit wil sê God het aan die mens sy lot in sy eie hande gegee (Murray, 1868, 289). In die Paradys het die mens hier-

die vrye wilskeuse uitgeoefen (Murray, 1976, 61, 62). Volgens Anderssen (1979, p 27) beteken Murray se standpunt oor die kiesvryheid van die mens dat God, al sou Hy ook hoe graag die mens wou verhinder om die verkeerde weg te kies, nie die vryheid van die mens geweld kon aandoen deur die mens dit te ontneem toe hy juis vry moes wees om sy eie toekoms te bepaal nie. Murray ken dus aan die mens se wilsvryheid 'n sekere selfstandigheid toe waarteenoor God by wyse van spreke magteloos staan (Anderssen, 1979, 28). Nou is dit verder belangrik om daarop op te let dat die mens volgens Murray ook na die sondeval steeds hierdie wilsvryheid behou het met die oog op die bereiking van sy uiteindelike bestemming van Godgelijkheid (Murray, s.j. e, 1, 2). Die sondeval is dan ook vir Murray niks meer as 'n "gestoorde aanvang" nie (Murray, s.j. e, 1). Murray het hierdie standpunt oor die vrye wil van die mens konsekwent gehuldig en verdedig (vgl. o.a. Murray, 1868, 289). Die ooreenkoms tussen Murray en die dwaling van die sewentiende eeuse Remonstrantisme is hier onmiskenbaar. Hier kom ook die dwaling i.v.m. die leer van die uitverkiesing ter sprake.

Wat die antropologie betref, huldig Murray verder die opvatting dat die mens uit liggaam, siel en gees bestaan. Met die sondeval het die siel die heerskappy van die gees verwerp en die slaaf van die liggaam geword (Murray, 1976, 26). In 'n wedergebore mens is die verhouding tussen die siel en die gees weer herstel (Murray, 1976, 229). Die inwoning van die Gees moet in die gees plaasvind (Murray, 1976, 230).

Wat die werk van die Heilige Gees betref, handhaaf Murray konsekwent die standpunt dat sowel die "voorbereidende" as die "inwonende" werk van die Heilige Gees afhanklik is van die vrye wilsbeslissing van die mens (vgl. o.a. Murray, 1868, 350; 1899, p. 5; 1976, 94). God se gawe word deur Murray (1899, 162) absoluut afhanklik gestel van die mens se aanvaarding. Verder moet die mens, teneinde die volle inwoning van die Gees te kan ontvang aan sekere voorwaardes voldoen, waarvan die belangrikste die gebed is en die wag en oorgawe in mistieke sin van die woord (vgl. o.a. Murray, 1915 a, 404; 1976, 69; 1915 d, 171; 1913, 685).

Murray se standpunt kom ten diepste daarop neer dat nie God nie maar die mens in die sentrum staan.

### 9. *Slotopmerking.*

In sy denke oor die werk van die Heilige Gees het Murray, onder invloed van die Mistiek, Metodisme en Arminianisme, die pad van die Skrif en die gereformeerde belydenis verlaat. Sy denke het 'n bepalende invloed uitgeoefen ten opsigte van die leerstellinge van die Pentekostalisme. Maar sy denke het ook tot vandag toe wye invloed in die kerk in Suid-Afrika. Voordat die duidelike metodistiese en pentekostalistiese dwalinge in sy denke nie erken word nie, kan daar van werklike reformasie in die kerklike kringe waar sy invloed steeds kragtig deurwerk, weinig teregkom.

Dit is die Godgegewe roeping van gereformeerde teoloë om vanuit die Skrif en die gereformeerde belydenis opnuut te besin oor alle aspekte van die werk van die Heilige Gees. Die boodskap van Andrew Murray bied nie die antwoord nie.

*Gelewer voor teoloë en studente te Potchefstroom 11 September 1981.*

Werke waarna in hierdie voordrag verwys word.

ALGEMENE KOMMISSIE LEER EN AKTUELE SAKE. 1979. Riglyne ten opsigte van die Charismatiese beweging en die Charismatiese gawes. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel Tvl.

ANDERSSEN, B.J.K. 1979. 'n Kritiese ontleding van die soteriologiese teologie van Andrew Murray. (Proefskrif — Univ. van Stellenbosch)

BALKE, W. 1973. Calvijn en de Doperse radikalen. Amsterdam, Bolland. (Proefskrif — Rijksuniversiteit, Utrecht?)

BAVINCK, H. 1906—'11. Gereformeerde dogmatiek; 2e herz. en verm. dr. Kampen, Kok. 4 bde.

BERKOUWER, G.C. 1967. De Heilige Schrift, dl. 2. Kampen, Kok (Dogmatische studiën)

BOND, J. 1974. Pentecostalism in the pentecostal churches. Journal of theology for Southern Africa, no. 7 : 10-22, June.

BRINSMEAD, R.D. 197? Protestant Revivalism, Pentecostalism and the drift back to Rome. *Present Truth,* special issue: 21—29.

BRUNER, F.D. 1970. A theology of the Holy Spirit; the pentecostal experience and the New Testament witness. Grand Rapids, Mich., Eerdmans.

BUYS, P.W. 1975. Metodistiese invloede in Suid-Afrika. *(In* Van der Vyver, G.C.P., Coetzee, P.J. & Buys, P.W. "Revival of reformasie?; 'n studie oor metodisme. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O. p. 36—86. (Wetenskaplike bydraes van die P.U. vir C.H.O., Reeks A: Geesteswetenskappe, nr. 18)

CALVYN, J. 1854. Commentaries on the epistels of Paul to the Galations and Ephesians. Tr. from the original Latin by W. Pringle. Edinburgh, Printed for the Calvin Translation Society.

CALVYN, J. 1959. The Gospel according to St. John. Tr. T.H.L. Parker. Ed. D.W. Torrance, T.F. Torrance. Grand Rapids, Mich., Eerdmans.

CALVYN, J. 1966. A reformation debate; Sadoleto's letter to the Genevans and Calvin's reply, with an appendix on the justification controversy, Ed. with an introd. by J.C. Olin. New York, Harper & Row.

CONRADIE, B. 1951. Andrew Murray na honderd jaar. Stellenbosch, C.S.V.

CRISWELL, W.A. 1977. The Holy Spirit in today's world; 13th print. Grand Rapids, Mich., Zondervan.

DE BONDT, 1949. Pinkstergeest in het oude Israël. (*In* Bavinck, J.H., Prins, P. & Brillenburg Wurth, G. De Heilige Geest. Kampen, Kok).

DE VILLIERS, T.C. 1919? Is dr Andrew Murray a mystic? Stellenbosch. (Verhandeling — University of Stellenbosch)

DOUGLAS, W.M. samest. n.d. Andrew Murray and his message. One of God's choice saints. Comp. from materials supplied by Miss Murray from various letters and recollections and by Miss Mary Murray from her large manuscript. London, Oliphants.

DU PLESSIS, J. 1911 De Dordtsche "canones" en de beperkte verzoening *De Kerkbode,* 2(41) : 639—640, 19 Oct.

DU PLESSIS, J. 1912. Boekbeschouwing: "De geschiedenis van de Christelijke kerk", door T. Hamersma. S.O. Los en J.D. du Toit. Westen Drukkerij, Potchefstroom. *De Kerkbode,* 3(1) : 14—15, 4 Jan.
DU PLESSIS, J. 1920. Het leven van Andrew Murray. Kaapstad, Zuid-Afrikaanse Bijbelvereniging.
DU TOIT, J.D. 1977. Versamelde werke; eeufees-uitg. onder red. van Hertzog Venter. Bd. 6. Strominge.
FLOOR, L. 1979. Hy wat met die Heilige Gees doop. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel Tvl.
HAVERKAMP, W. 1973. Van de Synode, IV: neo-Pentecostalisme. *De Wachter,* 106(17) : 4—5, 10—11, 28 Aug.
HEYNS, J.A. 1973. Brug tussen God en mens; oor die Bybel. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel.
HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel Tvl.
HOLLENWEGER, W.J. 1969. Enthusiastisches Christentum; die Pfingst bewegung in Geschichte und Gegenwart. Wuppertal, Theologischer Verl. Rolf Brockhaus.
HOLLENWEGER, W.J. 1973. The Pentecostals: the Charismatic movement in the churches. Tr. by R.A. Wilson from the German; 2nd print. Minneapolis, Minn., Augsburg Pub. House.
JONKER, W., KOTZé, G. & LOMBARD, E. 1977. Ek glo in die Heilige Gees; 'n Bybelkorrespondensiekursus oor die Persoon en werk van die Heilige Gees. 3e dr. Wellington, Bybelkor van die Hugenote-Kollege.
JONKER, W.D. 1981. Die Gees van Christus. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel. (Wegwysers in die dogmatiek).
JOOSTE, J.P. 1958. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859—1959. Potchefstroom.
KLUIT, M. Elisabeth. 1970? Het Protestante Réveil in Nederland en daarbuiten. 1815—1865. Paris. Z.W.O.
KöNIG, A. 1976. Meer duidelikheid oor die Heilige Gees. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel.
KRAAN, K.J. 1970. Ruimte voor de Geest? Kampen, Kok
KRUGER, M.A. 1981. Die Heilige Gees wat lewend maak. Pretoria.
KRUSCHE, W. 1957. Das Wirken des Heiligen Geistes nach Calvin. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht. (Forshungen zur Kirchen — und Dogmengeschichte, Bd. 7)
LADD, G.E. 1975. A theology of the New Testament. 2 nd print. Grand Rapids, Mich., Eerdmans.
LAW, W. 1977. The power of the Spirit; selections from the writings of William Law. Ed. by Andrew Murray; repr. Minneapolis, Minn., Bethany Fellowship.
LION-CACHET, F.N. 1977. Die kontinuïteit van die Abrahamitiese verbond in die opset van die Sinaïtiese verbond. Potchefstroom. (Proefskrif — P.U. vir C.H.O.)
MEIRING, P., samest. 1977. Die kerk op pad na 2000; twaalf gesprekke oor die rol van die kerk in die laaste kwart van die 20ste eeu. Kaapstad, Tafelberg.
MOLENAAR, D.G. 1963. De doop met de Heilige Geest. Kampen, Kok.
MURRAY, A. s.j. a. De binnenkamer en het innerlijk leven. Uit het Eng. vert. door D. Bosman. Kaapstad, Zuid Afrika Algemene Zending.

MURRAY, A. s.j. d. Een drievoudig snoer: Zijt mij genadig; Wast op in de genade; De jubel-bazuin. Neerbosch, Snelpersdrukkerij der Weesinrichting.
MURRAY, A. s.j. e. Gelijk Jezus; overdenkingen over het Beeld van den Zoon Gods en onze gelijkvormigheid aan Hem. Amsterdam, Höveker.
MURRAY, A. s.j. g. Terug na Pinkster: die vervulling van "die belofte van die Vader", Handelinge 1 : 4. Brakpan, Verenigde Gereformeerde uitg.
MURRAY, A. 1868. Het moderne ongeloof; dertien leer redenen. Kaapstad; Hofmeijr.
MURRAY, A. 1875. Predikanten correspondentie: 19. De Pinkstertijd. *De Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika,* 27(9): 129—133, 1 Mei.
MURRAY, A. 1887 b. Holy in Christ: thoughts on the calling of God's children to be holy as He is holy. repr. Minneapolis, Minn., Bethany Fellowship.
MURRAY, A. 1887 c. Het nieuwe leven: woorden Gods voor de jonge Kinderen in Christus 2e uitg. Kaapstad Juta.
MURRAY, A. 1894. De kracht van Jezus' bloed. Amsterdam, Dusseau.
MURRAY, A. 1895. De volle pinksterzegen; het eene noodige voor de kerk van Zuid-Afrika. Kaapstad, Huskisson.
MURRAY, A. 1896. a. The dearth of conversions. London, Marshall.
MURRAY, A. 1898. b. The ministry of intercession; a plea for more prayer. London, Nisbet.
MURRAY, A. 1899. The two covenants and the second blessing. London, Nisbet.
MURRAY, A. 1901. Op God wachten; overdenkingen voor eene maand. Nijmegen, Milborn.
MURRAY, A. 1911. De belofte des Vaders; een gebedenboek voor de binnenkamer ter voortzetting van het eendrachtig volhardend bidden der eerste discipelen om de gave des Geestes. Kaapstad, Z.A. Bijbel Vereniging.
MURRAY, A. e.a. 1912. De aanstaande predikanten conferentie; uitnoodiging. *Die Kerkbode,* 3(4) : 69 — 71, 25 Jan.
MURRAY, A. 1913. Het gebed om den Geest. *De Kerkbode,* 4(33) : 685—686, 14 Aug.
MURRAY, A. 1915 a. Onze zending. Een brief en zijn antwoord. *De Kerkbode,* 6(15) : 355—356, 15 April; 6(17) : 403—405, 29 April.
MURRAY, A. 1915 b. De liefde, een zakboekje over de liefde des hemels voor het leven op aarde. Kaapstad. Z.A.B.V.
MURRAY, A. 1915 d. De geestelijke toestand der kerk. Kaapstad, Hollandsch-Afrikaansche Uitg. Mij.
MURRAY, A. 1916 c. The secret of inspiration. London, Morgan & Scott.
MURRAY, A. 1917 a. Herinneringen; op zijn 88ste verjaardag medegedeeld. *Die Kerkbode,* 8(8) : 184—187, 22 Feb.
MURRAY, A. 1919? Leer ons bidden; korte overdenkingen over het gebed. Paarl, De Publicatie Commissie der Ned. Ger. Kerk.
MURRAY, A. 1922. Van ganscher harte; tweede reeks van zakboekjes over het gebed. Bloemfontein, Bijbel- en Bidvereniging.

MURRAY, A. 1937. Absolute surrender; 5th imp. London, Marshall, Morgan & Scott.
MURRAY, A. 1945. Die Heidelbergse Katgismus, "n reeks oordenkings oor die Heidelbergse Kategismus wat nog nooit in druk verskyn het nie" (*In* Murray, A. Versamelde werke, dl. 10. Stellenbosch, C.S.V. van S.A.)
MURRAY, A. 1965. Be perfect. Minneapolis, Minn., Bethany Fellowship.
MURRAY, A. 1974 a. Abide in Christ; thoughts on the blessed life of fellowship with the Son of God. repr. London, Lakeland.
MURRAY, A. 1974 b. Like Christ; repr. Minneapolis, Minn., Bethany Fellowship.
MURRAY, A. 1976. The Spirit of Christ; thoughts on the indwelling of the Holy Spirit in the believer and the church. repr. London, Marshall, Morgan & Scott.
REFORMED ECUMENICAL SYNOD, Cape Town. 1976. Acts: article 40, 94; Supplement no. 6, supplement no. 12, supplement no. 21.
TORREY, R.A. 1972. The baptism with the Holy Spirit. Minneapolis, Minn., Bethany Fellowship.
VAN DER LINDE, S. 1943. De Leer van den Heiligen Geest bij Calvijn; bijdrage tot de kennis der Reformatorische theologie. Wageningen, Veenman. (Proefskrif — Rijksuniversiteit, Utrecht).
VAN DER VEGT, W.H. s.j. Verbond der genade bij Calvijn. Aalten, Uitg. Mij. de Graafschap.
VAN DER VYVER, G.C.P. 1958. Professor Dirk Postma, 1818—1890. Potchefstroom, Pro-Rege.
VAN DER WATT, P.B. 1978. Andrew Murray, besielde wat die mense inspireer; sy werke word steeds gelees. *Hoofstad,* p. 12, 9 Mei.
VERSTEEG, J.P. 1978. Christus en de Geest; enkele exegetische opmerkingen. *Gereformeerd theologisch tijdschrift,* 78(1) : 16—30, Feb.
WALTERS, G. 1949. The doctrine of the Holy Spirit in John Calvin. (Thesis — University of Edinburgh)